24.03.80

OPTREDE DEUR

VERWELKOMING

Die Voorsitter verwelkom die aanwesiges. Minister Horwood word verskoon en minister Koornhof sal laat wees. Mnr J S Pansegrouw, Kommissaris-generaal vir die Suid-Sotho-volkseenheid, woon die vergadering by vir die bespreking van agenda-item 3 (Verhoudinge met Lesotho).

2. AGENDA-ITEM 1 : NOTULE NR SVR 5/80

Die notule van die vergadering van 10 Maart 1980 word goedgekeur en deur die Voorsitter onderteken.

3. AGENDA-ITEM 2 : SAKE VOORTSPRUITEND

Geen.

4. AGENDA-ITEM 3 : VERHOUDINGE MET LESOTHO

Minister R F Botha, bygestaan deur mnr Pansegrouw, lig die vergadering in omtrent die huidige toedrag van sake in Lesotho en bepleit 'n ontmoeting tussen Sy Edele die Eerste Minister en eerste minister Jonathan. Hulle be=skou dit as die enigste moontlike manier om die slegte verhoudinge met Lesotho te probeer verbeter. Eerste minister Jonathan het aangedui dat hy tot so 'n ontmoeting bereid is en dat hy na die RSA daarvoor sal kom. Dit kan gereël word dat die versoek vir 'n ontmoeting van eerste minister Jonathan se kant kom. Riverside Farm word as 'n moontlike ontmoetingsplek genoem.

Mnr Pansegrouw wys daarop dat dit sinvol sou wees om te werk in die rigting van die uiteindelike samevoeging van Qua-Qua en die ander Basotho-gebiede met Lesotho.

Die Voorsitter sê dat hy bereid is om eerste minister Jonathan te gaan ontmoet op 'n datum ná Paasmaandag waar=oor ooreengekom kan word. 'n Lys van besprekingspunte moet opgestel word en besonderhede van eerste minister Jonathan se afstamming moet aan hom beskikbaar gestel word.

Die Staatsveiligheidsraad keur dit goed. MINISTER R F BOTHA

(Twee dokumente wat deur mnr Pansegrouw aan die ver=gadering beskikbaar gestel is, word as Bylaag 1 en Bylaag 2 by hierdie notule aangeheg)

5. AGENDA-ITEM 4 : RHODESIË/ZIMBABWE

Die Voorsitter deel mee dat mnr David Smith, aangewese minister van handel en nywerheid in die Mugabe-regering, hom die vorige week kom sien het en dat hy ook met ministers Van der Merwe, Horwood en R F Botha same=sprekings gevoer het. Mnr Smith het aan hom 'n boodskap van mnr Mugabe oorgedra dat laasgenoemde hom nie te gou sal kan ontmoet nie aangesien hy baie moeilikhede het wat

hy eers moet oplos. Die Voorsitter het mnr Smith ver=soek om mnr Mugabe mee te deel dat daar SA ANC-terroris=te in Rhodesië is en dat, as hul oor die RSA-grens kom, hul geëlimineer sal word en Suid-Afrikaanse troepe Rhodesië sal binnegaan om hul daar verder op te ruim. Wat die R400 miljoen betref wat Rhodesië die RSA skuld, het die Voorsitter mnr Smith gevra om mnr Mugabe mee te deel dat hy dit op skrif moet erken en dat dit dáár=van sal afhang of die RSA bereid sal wees om verdere hulp aan Rhodesië te verleen.

Die Voorsitter waarsku dat versigtig te werk gegaan moet word om te verhoed dat mnre Mugabe en Machel van die Suid-Afrikaanse ekonomie gebruik maak om die sta=biliteit van hul Marxistiese state te vestig. Die RSA moet in die eerste plek omsien na Transkei, Swaziland, Bophuthatswana, ensovoorts.

Minister R F Botha beaam dit en sê dat hy sterk twyfel of mnr Mugabe skielik 'n demokraat geword het. Terwille van die meer as 200 000 Blankes in Rhodesië moet die RSA egter miskien poog om deur hulle 'n sekere stabiliteit daar te help tot stand bring. As die RSA iets sou doen om die onttrekking van die Blankes aan te moedig, sal hy die skuld kry dat dit hý was wat die sneller getrek het.

Minister Van der Merwe sê dat hy deur mnr Smith meege=deel is dat mnr Mugabe al sy verpligtinge sal nakom, in=sluitende die R400 miljoen. Hy is nog 'n bietjie onseker van homself en is besig om eers sy posisie vis-à-vis die ander ministers te konsolideer. Hy het genoeg in Mosambiek geleer om te weet dat hy nie sonder die privaat sektor kan klaarkom nie en dat hy nie so moet optree dat die Blankes die land verlaat nie. Hy toon dus verant=woordelikheid. Deur ten opsigte van 'n paar dinge wat die RSA terughou, skiet te gee, kan die RSA hom baie help om die Blankes te behou.

Die Voorsitter sê dat hy inligting het wat daarop dui dat mnr Mugabe uiteindelik lenings ten opsigte van ontwikkel=ing sal terugbetaal, maar nie dié wat ten opsigte van wapens aangegaan is nie. Aangesien hy egter deur middel van 'n verkiesing, en nie rewolusie nie, aan bewind gekom het, behoort hy vir laasgenoemde lenings ook verantwoor=delikheid te aanvaar. Die Voorsitter is van mening dat, indien die RSA die Mugabe-regering te hulp kom sonder dat hy van sy kant die SA ANC-terroriste van die grens ont=trek en sy finansiële verpligtinge teenoor die RSA aanvaar, dit 'n teken van swakheid sal wees en dat dit in Afrika bekend sal word dat die RSA nie sy woord nakom nie.

Minister Heunis voeg by dat die RSA Marxistiese state uit sy midde weer. As die RSA egter Marxistiese state op sy grense in stand hou, rym dit nie en is sy geloofwaardig=heid ook op die spel. Ten einde nie die RSA se hefbome ten opsigte van Rhodesië en Mosambiek te verloor nie, is



Iwerage

OPTREDE DEUR

minister Heunis van mening dat die RSA op kort termyn bestaande kontrakte moet nakom, maar niks moet uit= brei nie.

Minister S P Botha beveel aan dat vir tyd gespeel word aangesien hy glo dat mnr Mugabe besig is om die RSA-regering 'n valse gerustheid te gee. Daar moet baie skerp na elke ding gekyk word, op die kort en die lang termyn.

Die Staatsveiligheidsraad besluit dat met bestaande oor= eenkomste/kontrakte voortgegaan mag word maar dat elke nuwe versoek wat van Rhodesië sowel as Mosambiek ontvang word, aan die Raad voorgelê moet word. Wat Rhodesië betref, sal nuwe versoeke slegs oorweeg word

(a) indien die versekering gegee word dat SA ANC-terroriste nie vanaf Rhodesië oor die grens sal kom nie,en

(b) indien die Mugabe-regering Rhodesië se finan= siële verpligtinge teenoor die RSA op skrif aanvaar. ALMAL

Voortspruitend uit hierdie besluite word goedgekeur

(i) dat 'n stuk of sestien Suid-Afrikaanse nywer= aars toegelaat word om, soos gebruiklik, aan skoue in Zambië deel te neem; MINISTER V. DER MERWE

(ii) dat voortgegaan word met die maandelikse voor= siening aan Rhodesië van metanol wat met avgas gemeng word; en MINISTER V. DER MERWE

(iii) dat S A Lugdiens 'n vliegtuig aan Rhodesië mag verhuur. DR LOUBSER

6. AGENDA-ITEM 5 : SUIDWES-AFRIKA

Met die oog op die samesprekings wat op 25 Maart 1980 met die Administrateur-generaal en die Bevelvoerende Generaal, Suidwes-Afrika, gehou word, word die item nie verder bespreek nie.

7. AGENDA-ITEM 6 : SUBSIDIëRING VAN BUSDIENSTE

Die Staatsveiligheidsraad aanvaar die Werkkomitee se aanbeveling dat die Kabinetskomitee vir Ekonomiese Aangeleenthede op die langtermynbeleid ten opsigte van die subsidiëring van busdienste moet ingaan. Verder word besluit dat minister Koornhof daarby betrek moet word en dat die saak na die Kabinet deurgevoer moet word. Dit word ook besluit dat pendelaars behoorlik voorberei moet word voordat verhoogde tariewe geïmplementeer word en dat daar nie voortgegaan kan word om subsidies te betaal aan ondoeltreffende busdienste nie. MINISTER S P BOTHA MINISTER KOORNHOF MINISTER HEUNIS